

# Sondag 4 Julie

Skrifgedeelte: Obadja 1

Fokusgedeelte: Obadja 1:17-18

## Die Here red sy volk!

Ons het gister gesien hoe die Here die straf aankondig oor Edom, omdat hulle in hoogmoed met hulle rug na God geleeft het. Ons het gesien dat hulle 'n ewige straf ontvang.

Die tyd waarin hierdie boek geskryf word, pas na die wegvoer van Juda in Babiloniese ballingskap, is 'n tyd waarin dit lyk of Juda ook heeltemal platgevee is. Hulle verloor alles wat hulle het en word weggeneem as die slawe van 'n goddelose volk. Hulle lewe 'n ellendige lewe en is platgeslaan. Hoekom? Oor hulle eie sonde. Ten spyte daarvan dat God soveel genade het met sy volk en hulle soveel maal waarsku om te bekeer van hulle sondige lewens, volhard hulle in ongehoorsaamheid en daarom straf die Here hulle.

Die wonder is wat volgende gebeur. Ons teksgedeelte kondig dan aan: "Maar op die Sionsberg sal daar uitkoms kom." Sionsberg, die plek van die stad van God. 'n Plek wat God liefhet (Ps. 78:68), die plek waar daar uitkoms sal wees (Joël 2:32). Die plek van God, wat sy teenwoordigheid by die volk simboliseer, vanaf hierdie plek sal verlossing kom. Wat sê dit? God sal sy volk verlos. Sondaars wat die ewige straf verdien, kry die ewige redding. Dit gebeur wanneer Jesus kom en betaal vir die sondes van die mense wat God vir Hom kies.

Wees elke dag dankbaar vir die genadegawe van geloof in Jesus Christus en om deur God as sy kind aangeneem te word. Daardie genade verander jou realiteit radikaal, want in werklikheid moes ons as sondaarmense ewig gestraf word, maar in Jesus word ons ewig verlos. Vanaf God is daar redding!

*Sing: Psalm 38-1:1, 13*

*Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Benoni)*